



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 30 OKTOBER 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Nel, M (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Ngozi, M (ANC)	Warnick, A K (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Williams, A M (DA)
Papier, J R (GOOD)	White, G E (PA)
Penxa, B J (ANC)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Me H Koopman, 'n amptenaar van die Departement: Korporatiewe Dienste, open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

Die Speaker simpatiseer met raadslede en amptenare wat die afgelope tyd geliefdes aan die dood afgestaan het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin, I S le Minnie en P E Soldaka, die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 SPESIALE RAADSVERGADERING, 3 DESEMBER 2025

KENNIS WORD GEGEE deur die Speaker van 'n Spesiale Raadsvergadering geskeduleer vir Woensdag, 3 Desember 2025 om 10:00



MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD IN THE COUNCIL CHAMBER, MALMESBURY ON THURSDAY, 30 OCTOBER 2025 AT 10:00

PRESENT:

Speaker, Ald M A Rangasamy
Executive Mayor, Ald J H Cleophas
Executive Deputy Mayor, Ald J M de Beer

COUNCILLORS:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Nel, M (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Ngozi, M (ANC)	Warnick, A K (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Williams, A M (da)
Papier, J R (GOOD)	White, G E (PA)
Penxa, B J (ANC)	

Officers:

Municipal Manager, Mr J J Scholtz
Director: Civil Engineering Services, Mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, Mr T Möller
Director: Protection Services, Mr H Witbooi
Director: Corporate Services, Ms M S Terblanche
Senior Manager: Budget Office and Costing, Ms H Papier
Manager: Secretariat and Records, Ms N Brand

1. OPENING

The Speaker welcomed the Executive Mayor, Executive Deputy Mayor, aldermen and alderladies, councillors, officials and members of the public.

Mrs H Koopman, an official from the Department: Corporate Services, opened the meeting with scripture reading and prayer at the invitation of the Speaker.

The Speaker conveyed his congratulations to councillors and officials who have recently celebrated birthdays.

The Speaker sympathised with councillors and officials who have lost loved ones in recent times.

2. LEAVE OF ABSENCE

Leave of absence is granted to Cllrs, C Fortuin, I S le Minnie and P E Soldaka, the Director: Development Services, Ms J S Krieger and the Director: Financial Services, Mr M Bolton.

3. DEPUTATIONS / STATEMENTS AND COMMUNICATIONS / PRESENTATIONS

3.1 SPECIAL COUNCIL MEETING, 3 DECEMBER 2025

NOTICE IS GIVEN by the Speaker of a Special Council Meeting scheduled for Wednesday, 2025 at 10:00.

3.2 TOEKENNINGS ONTVANG DEUR SWARTLAND MUNISIPALITEIT

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die onlangse toekenning wat deur Swartland Munisipaliteit ontvang is, naamlik:

- (1) *MIRA (Municipal Innovation Recognition Award)* – 3de plek toekenning vir die beoordeling van die Highlands Stortingsterrein;
- (2) *Cape Chamber's Award* – toekenning vir die mees innoverende projek vir die omgewing wat deur die Munisipaliteit geskep is vir die ontwikkeling van die Crestcare Hospitaal en De Zwartland Markt met gepaardgaande werkskepping;
- (3) *Premier's Awards* – verskeie toekennings in bepaalde kategorieë;
- (4) *Auditor General's Award* – vir die verkryging van 'n skoon oudit vir die vorige finansiële jaar;
- (5) *Ratings Afrika/SAPOA (South Africa Property Owners' Association)* – gesamentlike wenner met Saldanhabaai Munisipaliteit as mees finansiële volhoubare munisipaliteite.

Die Munisipale Bestuurder beklemtoon dat die toekennings die resultaat is van die Munisipaliteit se strewe om te doen wat vanaf 'n plaaslike owerheid verwag word en om die gemeenskap met integriteit, toewyding en uitnemendheid te dien. Die eerbewyse is die gevolg van 'n gesamentlike poging, 'n gedeelde visie en toewyding om die regte kultuur te skep.

Rdl B J Penxa spreek sy dankbaarheid uit teenoor die toekennings en om deel te wees van die gesamentlike poging en kultuur. Kommer word egter uitgespreek teenoor die toenemende misdaad in die Swartland munisipale area en die gebrek aan dienslewering deur Provinsiale en Nasionale Departemente, bv. daar is geen vordering met die oprigting van die nuwe hospitaal nie, die behoefte aan 'n Satelliet Polisiestasie tussen Ilinge Lethu en Saamstaan is herhaaldelik onder die aandag van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) gebring, maar geen ondersteuning word vanaf die SAPD verkry nie.

Rdl Penxa noem dat die publiek verkeerdelik die Munisipaliteit blameer vir hierdie swak dienslewering en gebrek aan ondersteuning vanaf Provinsiale en Nasionale Departemente.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 31 JULIE 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Julie 2025 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 27 AUGUSTUS 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdd M Nel, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 27 Augustus 2025 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1/...

3.2 AWARDS RECEIVED BY SWARTLAND MUNICIPALITY

The Municipal Manager gave background to the recent award received by Swartland Municipality, namely:

- (1) *MIRA (Municipal Innovation Recognition Award)* – 3rd place award for the judgement of the Highlands Landfill;
- (2) *Cape Chamber's Award* – award for the most innovative project for the environment created by the Municipality for the development of the Crestcare Hospital and De Zwartland Markt with associated job creation;
- (3) *Premier's Awards* – various awards in particular categories;
- (4) *Auditor General's Award* – for obtaining a clean audit for the previous financial year;
- (5) *Ratings Africa/SAPOA (South Africa Property Owners' Association)* – joint winner with Saldanha Bay Municipality as most financially sustainable municipalities.

The Municipal Manager emphasised that the awards are the result of the Municipality's drive to do what is expected of a local authority and to serve the community with integrity, dedication and excellence. The honours are the result of a combined effort, a shared vision and dedication to create the right culture.

Cllr B J Penxa expressed his gratitude with regards to the awards and to being a part of the collective effort and culture. However, concerns are expressed about the increasing crime in the Swartland municipal area and the lack of service delivery by Provincial and National Departments, e.g. there is no progress in the construction of the new hospital, the need for a Satellite Police Station between Ilinge Lethu and Saamstaan has been repeatedly brought to the attention of the South African Police Service (SAPS), but no support is obtained from the SAPS.

Cllr Penxa mentioned that the public wrongly blames the Municipality for this poor service delivery and lack of support from Provincial and National Departments.

FOR INFORMATION

4. MINUTES FOR RATIFICATION

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY COUNCIL MEETING HELD ON 31 JULY 2025

RESOLUTION

(proposed by cllr A K Warnick, seconded by cllr E C O'Kennedy)

That the minutes of an Ordinary Council Meeting held on 31 July 2025 be approved and signed by the Speaker.

4.2 MINUTES OF AN ORDINARY COUNCIL MEETING HELD ON 27 AUGUST 2025

RESOLUTION

(proposed by cllr M Nel, seconded by cllr D C Pypers)

That the minutes of an Ordinary Council Meeting held on 27 August 2025 be approved and signed by the Speaker.

5. FEEDBACK ON RESOLUTIONS TAKEN BY THE EXECUTIVE MAYOR IN TERMS OF DELEGATED POWER

RESOLUTION

That notice be taken of the Executive Mayor's decisions in terms of delegated power, as contained in the minutes below:

5.1/...

- 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 JULIE 2025
- 5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 AUGUSTUS 2025
saamgelees met
NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2025
- 5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 SEPTEMBER 2025
saamgelees met
NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 10 SEPTEMBER 2025

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 23 JULIE 2025
- 6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2025
- 6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 18 AUGUSTUS 2025
- 6.4 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 3 SEPTEMBER 2025
- 6.5 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 22 SEPTEMBER 2025

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 MOONTLIKE IMPLEMENTERING VAN DIE WET OP DIE ADMINISTRATIEWE BEOORDELING VAN PADVERKEERSOORTREDINGS (AARTO) BINNE DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT (17/6/B)

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die moontlike implementering van die Wet op die Administratiewe Beoordeling van Padverkeersoortredings (AARTO) waarvan die publieke deelnameproses reeds in Oktober 2020 afgehandel is. Verder word verwys na die vereiste om 'n diensvlakkooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Poskantoor aan te gaan.

Die Munisipale Bestuurder beklemtoon van die bekommernisse rakende die implementering van AARTO met ingang van 1 Desember 2025, onder meer die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Poskantoor (wat onder sakeredding geplaas is), die feit dat daar geen begroting vir die implementering van AARTO beskikbaar is nie (weens die afkondiging wat in Augustus 2025 gedoen is, buite die plaaslike regering se begrotingsiklus), die verlies aan inkomste, regulasies wat nog gepromulgeer moet word, die gereedheid van die "back office", ensovoorts.

Die Munisipale Bestuurder meld die stappe wat deur die Stad Kaapstad geneem gaan word om 'n interregeringsdispuut te verklaar, asook om 'n interdik te bekom vir die uitstel van die implementering van AARTO tot 'n latere datum as 1 Desember 2025, en dat Swartland Munisipaliteit hierdie stappe ondersteun.

Die Speaker bring die moontlike implementering van AARTO in die Swartland Munisipaliteit met ingang van 1 Desember 2025 tot stemming en word –

- 5.1 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE HELD ON 17 JULY 2025
- 5.2 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE HELD ON 21 AUGUST 2025
read with
MINUTES OF PORTFOLIO COMMITTEE MEETINGS HELD ON 13 AUGUST 2025
- 5.3 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE HELD ON 17 SEPTEMBER 2025
read with
MINUTES OF PORTFOLIO COMMITTEE MEETINGS HELD ON 10 SEPTEMBER 2025

6. FEEDBACK ON RESOLUTIONS TAKEN BY THE MUNICIPAL MANAGER IN TERMS OF DELEGATED POWER

RESOLUTION

That notice be taken of the Municipal Manager's decisions in terms of delegated power, as contained in the minutes below:

- 6.1 MINUTES OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE MEETING HELD ON 23 JULY 2025
- 6.2 MINUTES OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE MEETING HELD ON 8 AUGUST 2025
- 6.3 MINUTES OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE MEETING HELD ON 18 AUGUST 2025
- 6.4 MINUTES OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE MEETING HELD ON 3 SEPTEMBER 2025
- 6.5 MINUTES OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE MEETING HELD ON 22 SEPTEMBER 2025

7. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None.

8. MATTERS FOR DISCUSSION

8.1 POSSIBLE IMPLEMENTATION OF THE ADMINISTRATIVE ADJUDICATION OF ROAD TRAFFIC OFFENCES ACT (AARTO) IN THE SWARTLAND MUNICIPALITY (17/6/B)

The Municipal Manager gave background to the possible implementation of the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act (AARTO) of which the public participation process was concluded way back in October 2020. The Municipal Manager referred to the Service Level Agreement dated 2024, with amendments, that must be entered into between municipalities and the South African Post Office.

The Municipal Manager raised some of the concerns regarding the implementation of AARTO effective from 1 December 2025, amongst other, the involvement of the South African Post Office (which is under business rescue), the fact that there is no budget for the implementation of AARTO (due to the proclamation done in August 2025, outside of local government's budget cycle), the loss of income, regulations that must still be promulgated, the readiness of the back office, etc.

The Municipal Manager mentioned the actions of the City of Cape Town to declare an inter-governmental dispute, as well as to obtain an interdict for the postponement of the implementation of AARTO to a later date than 1 December 2025 and that Swartland Municipality supports these actions.

The Speaker brought the possible implementation of AARTO in the Swartland Municipality effective from 1 December 2025 to vote and it is –

EENPARIGE BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl G Vermeulen)

- (a) Dat kennis geneem word dat 'n hersiene konsep-diensvlakoooreenkoms, wat tussen die Munisipaliteit en die Suid-Afrikaanse Poskantoor (SAPO) gesluit moet word, op 26 Januarie 2024 van die Padverkeersoortredingsagentskap (RTIA) ontvang is;
- (b) Dat daar van die volgende bekommernisse met betrekking tot die konsep-diensvlakoooreenkoms wat met SAPO gesluit moet word, kennis van geneem word, naamlik:
 - (i) Dat verskeie verpligtinge rakende die verwerking van data op die RTIA geplaas word, wat nie 'n party tot die ooreenkoms is nie. Die afdwingbaarheid daarvan is dus nie moontlik nie, en die Munisipaliteit sal geen regsmiddel hê in geval van wanprestasie deur die RTIA nie;
 - (ii) Dat geen voorsiening gemaak word vir 'n rekonsiliasie van oortredingskennisgewings wat deur die uitreikingsowerheid uitgereik en deur die RTIA aan SAPO gestuur word, en die betaling van enige bedrae wat aan die uitreikingsowerheid verskuldig is nie. Dit kan moontlik lei tot die verlies van inkomste vir die Munisipaliteit en wanbestuur van fondse;
 - (iii) Dat kennis geneem word dat die Munisipaliteit slegs 'n kwartaallike verslag oor die opsporingsresultate van kennisgewings wat deur SAPO gestuur is, sal ontvang;
 - (iv) Dat daar kennis geneem word dat die konsep diensvlakoooreenkoms slegs na 'n aanvangsdatum verwys soos ooreengekom tussen die partye, sonder enige aanduiding oor hoe hierdie ooreenkoms bereik sal word;
 - (v) Dat daar kennis geneem word dat die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nagekom moet word met betrekking tot geskille rakende betalings en die sluiting van enige ooreenkoms;
 - (vi) Dat daar met kommer kennis geneem word dat die konsep-diensvlakoooreenkoms van die Munisipaliteit vereis om 'n rekening by SAPO te open, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes van die rekeningaansoek, en geen afskrif van sodanige bepalings en voorwaardes is voorsien nie;
 - (vii) Dat daar kennis geneem word dat die konsep-diensvlakoooreenkoms verder vereis dat die Munisipaliteit 'n deposito van minstens drie (3) maande se gebruikskoste vooruit moet hê, wat teenstrydig is met die MFMA;
 - (viii) Dat daar kennis geneem word dat die konsep-diensvlakoooreenkoms verskeie foute bevat, byvoorbeeld onvolledige definisies, teenstrydighede tussen die hoofooreenkoms en die bylaes of ander paragrawe in die ooreenkoms, foute in kruisverwysings en numeriese foute;
 - (ix) Dat die Munisipaliteit 'n bekommernis het oor die vermoë van SAPO om aan 'n ooreenkoms van hierdie aard en omvang te voldoen, en sorg gedra moet word dat so 'n ooreenkoms nie misbruik word as 'n besigheidsreddingsmeganisme vir SAPO nie;
 - (x) Dat die konsep-diensvlakoooreenkoms verskeie bepalings bevat wat SAPO beskerm teen die uitvoering van sy pligte tydens stakings of besigheidsreddingsprosesse, wat sal veroorsaak dat kennisgewings nie binne die voorgeskrewe tydramwerke gestuur word nie, sonder enige regsmiddel vir die Munisipaliteit vir die gepaardgaande inkomsteverlies;
- (c) Dat na bepaling aan watter van die agt aspekte voldoen of nie-voldoen word nie, en gebaseer op die nie-gereedheid om AARTO te kan implementeer, daar om uitstel aansoek gedoen word om saam met die volgende groep munisipaliteite vir implementering in te skakel, deurdat Swartland Munisipaliteit nie gereed is vir implementering nie, hoofsaaklik weens:
 - (i) gebrek aan begroting omdat die afkondiging midde in 'n finansiële jaar (Augustus 2025) gedoen is, en daar nie voor begroot kon word nie;
 - (ii) die "back office" nog nie gereed is nie;
 - (iii) die nie-beskikbaarheid van Regulasies en enige SOP (*Standard Operating Procedures*); en
 - (iv) die SA Poskantoor wat nie funksioneel is nie en wat tans in sakeredding is;

UNANIMOUSLY RESOLVED

(proposed by Cllr A K Warnick, seconded by Cllr G Vermeulen)

- (a) That cognisance be taken that a revised draft Service Level Agreement, to be entered into by the Municipality with the South African Post Office (SAPO) was received from the Road Traffic Infringement Agency (RTIA) on 26 January 2024;
- (b) That the following concerns with regards to the draft Service Level Agreement to be entered into with SAPO, be noted, namely:
 - (i) That several obligations relating to data processing are placed on the RTIA, which is not a party to the agreement. As a result, enforceability is not possible, and the Municipality will have no legal remedy in the event of non-performance by the RTIA.
 - (ii) That no provision is made for the reconciliation of infringement notices issued by the issuing authority and transmitted by the RTIA to SAPO, nor for the payment of any amounts due to the issuing authority. This may potentially result in loss of revenue for the Municipality and mismanagement of funds.
 - (iii) That it be noted that the Municipality will only receive a quarterly report on the tracing outcomes of notices dispatched by SAPO.
 - (iv) That it be noted that the draft SLA merely refers to an effective date as agreed upon by the parties, without any indication of how such agreement will be reached.
 - (v) That it be noted that the provisions of the Local Government: Municipal Finance Management Act (MFMA) must be complied with regarding disputes relating to payments and the conclusion of any agreement.
 - (vi) That it be noted with concern that the draft SLA requires the Municipality to open an account with SAPO, subject to the terms and conditions of the account application, of which no copy has been provided.
 - (vii) That it be noted that the draft SLA further requires the Municipality to maintain a deposit equivalent to at least three (3) months' usage costs in advance, which is inconsistent with the MFMA.
 - (viii) That it be noted that the draft SLA contains numerous errors, such as incomplete definitions, inconsistencies between the main agreement and its annexures or other clauses, incorrect cross-references, and numerical errors.
 - (ix) That the Municipality expresses concern regarding SAPO's capacity to meet the obligations of an agreement of this nature and scope, and that care should be taken to ensure such an agreement is not used as a business rescue mechanism for SAPO.
 - (x) That it be noted that the draft SLA includes several provisions protecting SAPO from performing its duties during strikes or business rescue proceedings, which would result in notices not being dispatched within prescribed timeframes, leaving the Municipality without any recourse for the associated revenue loss.
- (c) That, after determining which of the eight aspects are being met or not met, and based on the Municipality's lack of readiness to implement AARTO, an application for postponement be submitted to join the next group of municipalities for implementation, as Swartland Municipality is not yet ready for implementation, mainly due to:
 - (i) a lack of budgeting provision because the proclamation was made amid a financial year (August 2025), and therefore could not be budgeted for in advance;
 - (ii) the readiness of the "back office";
 - (iii) the unavailability of Regulations and any SOP (Standard Operating Procedures); and
 - (iv) the South African Post Office not being functional and currently under business rescue.

8.1/...

- (d) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om 'n brief aan die RTIA te stuur waarin die Munisipaliteit se bekommernisse uitgelig word en waarin dit meegedeel word dat die Munisipaliteit, weens die onsekerhede, nie in staat sal wees om AARTO te implementeer voordat al die aangehaalde bekommernisse aangespreek is nie, dat geen diensvlakoooreenkoms rakende AARTO aangegaan sal word totdat daar duidelikheid oor die uitstaande sake verkry is nie en dat die Munisipaliteit nie bereid is om 'n diensvlakoooreenkoms met SAPO te onderteken nie weens die teenstrydigheid met die MFMA;
- (e) Dat, indien die Stad Kaapstad besluit om 'n interdik te bekom teen die implementering van AARTO met ingang van 1 Desember 2025, dit deur die Swartland Munisipaliteit ondersteun sal word;
- (f) Dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word om 'n skrywe aan die President van Suid-Afrika en die Minister van Vervoer, Barbara Creecy, te rig insake die bekommernisse van die Munisipaliteit m.b.t. die implementering van AARTO met ingang van 1 Desember 2025.

8.2. MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING MET DIE WES-KAAPSE REGERING: SUSTAINABLE INFRASTRUCTURE DEVELOPMENT AND FINANCIAL FACILITY (SIDAFF) (5/9/2/7)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee agtergrond tot die *Sustainable Infrastructure Development and Financial Facility* (SIDAFF)-program wat deur die Departement van Plaaslike Regering gekoördineer word. Die doel van die program is water- en sanitasieprojekte van geselekteerde munisipaliteite in een portefeulje saam te voeg om beleggings vanaf groot internasionale befondsingsinstellings te lok wat gewoonlik nie kleiner, individuele projekte sal ondersteun nie.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld verder dat die Raadgewende Ingenieur, Zutari Raadgewende Ingenieurs, wat deur die Departement van Plaaslike Regering aangestel is, reeds betrokke is by die beplanning van water- en sanitasienetwerke in die Swartland munisipale gebied en dus bekend is met plaaslike omstandighede.

'n Verdere voordeel van die SIDAFF-program is dat dit as 'n vennoot ingebring kan word by die aansoek om BFI (*Budget Facility for Infrastructure*)-befondsing vanaf die Nasionale Regering waarvan die aansoek nie minder as R1 biljoen mag wees nie, gegewe dat ±R2,5 biljoen benodig word vir die opgradering van die totale munisipale waternetwerk.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste spreek sy dankbaarheid uit dat Swartland Munisipaliteit gekies is om deel te wees van die SIDAFF-program.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die volgende deur die Raad gemagtig word met betrekking tot die SIDAFF-program:
 - (i) Die aangaan van langtermynskuld wat verder strek as die huidige politieke termyn (5-jaar verkiesingsiklus), in ooreenstemming met Artikel 46 van die MFMA;
 - (ii) Deelname aan 'n gesamentlike, inter-munisipaal gepoolde/gemengde finansierings-benadering onder die SIDAFF-program, onderhewig aan behoorlike sorgvuldigheid, bekostigbaarheid en regulatoriese nakoming;
 - (iii) Die Munisipaliteit onderneem om 'n gesertifiseerde afskrif van die ondertekende Raadsbesluit by die Departement van Plaaslike Regering, Wes-Kaapse Regering, in te dien vir insluiting as Aangangsel A by hierdie MoU. Die Munisipaliteit erken verder dat sy deelname aan die SIDAFF-program Fase 3 voorwaardelik is op die indiening van hierdie gesertifiseerde besluit binne 30 dae na ondertekening van die MoU;

8.1/...

- (d) That the Municipal Manager be authorised to send a letter to the RTIA highlighting the Municipality's concerns, stating that due to the prevailing uncertainties, the Municipality will not be able to implement AARTO until all the abovementioned concerns have been addressed; that no service level agreement regarding AARTO will be entered into until clarity has been obtained on the outstanding issues; and that the Municipality is not willing to sign a service level agreement with SAPO due to the conflict with the MFMA;
- (e) That, if the City of Cape Town decide to obtain an interdict against the implementation of AARTO effective from 1 December 2025, it be supported by Swartland Municipality;
- (f) That the Executive Mayor be authorised to send a letter to the President of South Africa and the Minister of Transport, Barbara Creecy, on the concerns of the Municipality regarding the implementation of AARTO effective 1 December 2025.

8.2 MEMORANDUM OF UNDERSTANDING WITH THE WESTERN CAPE GOVERNMENT: SUSTAINABLE INFRASTRUCTURE, DEVELOPMENT AND FINANCIAL FACILITY (SIDAFF)

The Director: Civil Engineering Services gave background to the *Sustainable Infrastructure Development and Financial Facility* (SIDAFF) programme coordinated by the Department of Local Government. The aim of this programme is to pool water and sanitation projects from selected municipalities into one portfolio to attract investments from large international funding institutions that would not normally support smaller, individual projects.

The Director: Civil Engineering Services further stated that the Consulting Engineer, Zutari Consulting Engineers, who was appointed by the Department of Local Government, are already involved in the planning of water and sanitation networks in the Swartland municipal area and is therefore familiar with local conditions.

A further advantage of the SIDAFF programme is that it can be brought in as a partner when applying for BFI (*Budget Facility for Infrastructure*) funding from the National Government, the application of which may not be less than R1 billion, given that ±R2,5 billion is required for the upgrade of the total municipal water network.

The Director: Civil Engineering Services expressed his gratitude that Swartland Municipality has been selected to be part of the SIDAFF programme.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by cllr N Smit)

- (a) That the following be authorised by Council in respect of the SIDAFF Programme:
 - (i) The undertaking of long-term debt that extends beyond the current political term (5-year electoral cycle), in compliance with Section 46 of the MFMA;
 - (ii) Participation in a joint, inter-municipal pooled-blended financing approach under the SIDAFF Programme, subject to due diligence, affordability, and regulatory compliance;
 - (iii) The Municipality undertakes to submit a certified copy of the signed Council Resolution to the Department of Local Government, Western Cape Government, for inclusion as Annexure A to this MoU. The Municipality further acknowledges that its participation in the SIDAFF Programme Phase 3 is conditional upon the submission of this certified resolution within 30 days of signing the MoU;

(b)/...

8.2/...

- (b) Dat kennis geneem word dat Zutari die voorkeurtenderaar is vir die opgradering van die Swartland Watersuiweringswerke en grootmaat-pyplyn onder die SIDAFF-program.

8.3 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN GEDEELTE VAN RESTANT ERF 138, RIEBEEK KASTEEL (12/2/5/2-11/4)

Die firma, CK Rumboll en Vennote, is in 2018 deur die Munisipaliteit aangestel om die onderverdeling- en hersoneringsaansoek van Erf 138, Riebeek Kasteel te behartig. Tydens die opmetingsproses is vasgestel dat 'n bestaande gebou (historiese woning) en bestaande grensheining van Erf 137, Riebeek Kasteel op Erf 138 oorskry.

'n Aansoek is vanaf die eienaar van Erf 137, Riebeek Kasteel ontvang om die betrokke gedeelte (groot 115 m²) van Erf 138, Riebeek Kasteel te bekom.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A M Booysen)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) besluit die Raad:
 - (i) Dat die onderwerp eiendom nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is;
- (b) Dat ingevolge die toepaslike verordening sowel as Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur goedkeuring deur die Raad verleen word vir die uit-die-hand vervreemding van 'n gedeelte, ± 115 m² groot, van die Restant Erf 138 Riebeek Kasteel aan die eienaar van die aangrensende Erf 137 teen 'n verkoopprijs van R28 750.00 (BTW uitgesluit), onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die proses vir die verkryging van die toepaslike grondgebruiks-/ontwikkelingsregte (d.i. onderverdeling en konsolidasie) deur en op koste van die koper onderneem sal word;
 - (ii) Dat die eienaar, benewens die koopprijs, verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat verband hou met hierdie transaksie, insluitend advertensie- en oordragkoste;
 - (iii) Dat die voorgestelde transaksie geadverteer word in die pers vir publieke insette en/of moontlike besware en dat die Uitvoerende Burgermeester (in konsultasie met sy komitee) magtiging sal hê om met enige moontlike besware te handel;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop met verwysing na paragraaf 12.1.1 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid:
 - (i) Die geïdentifiseerde gedeelte van Restant Erf 138 is reeds funksioneel geïntegreer met Erf 137, Riebeek Kasteel, as gevolg van die bestaande gebou- en grensheinings-oorskrydings, en kwalifiseer dus as 'nie-lewensvatbare bate' aangesien dit weens fisiese beperkings nie sinvol as 'n afsonderlike entiteit binne die ontwikkelingsparameters van die bestaande sonering ontwikkel kan word nie, en dus slegs funksioneel word indien dit, soos voorgestel, aan die aangrensende eienaar vervreem word;
 - (ii) Die verkryging sal die integrasie van die betrokke eiendom met Erf 137 wettig deur die eiendomsgrens te formaliseer, en sodoende konsekwenheid tussen die kadastrale rekords en die werklike gebruik van die grond verseker;
 - (iii) Die bestaande oorskrydingsituasie en enige potensiële grondgebruik- of regsdispute wat moontlik in die toekoms kan ontstaan, sal uitgeskakel word, wat sekerheid vir beide die Munisipaliteit en die eienaar sal verseker.

8.4/...

8.2/...

- (b) That cognisance be taken that Zutari is the preferred bidder for the upgrade of the Swartland Water Treatment Works and bulk pipeline under the SIDAFF Programme.

8.3 PROPOSED OUT-OF-HAND ALIENATION OF PORTION OF THE REMAINDER OF ERF 138, RIEBEEK KASTEEL (12/2/5/2-11/4)

The firm, CK Rumboll & Partners were appointed by the Municipality in 2018 to manage the subdivision and rezoning application of Erf 138, Riebeek Kasteel. During the surveying process, it was determined that an existing building (historic dwelling) and existing boundary fence of Erf 137 exceeds Riebeek Kasteel on Erf 138.

An application was received from the owner of Erf 137, Riebeek Kasteel to acquire the relevant portion (size 115 m²) of Erf 138, Riebeek Kasteel.

RESOLUTION

(proposed by cllr D G Bess, seconded by cllr A M Booysen)

- (a) That, in terms of Section 14 of the Municipal Finance Management Act (Act No. 56 of 2003) Council resolves that:
 - (i) The subject property is not needed for the provision of a minimum level of basic municipal services; and
 - (ii) That the fair market value of the asset and the economic and community value to be received for the asset has been considered;
- (b) That approval be granted by Council in terms of the applicable By-law as well as Section 14 of the Municipal Finance Management Act, 2003 for the out-of-hand alienation of a portion, ± 115 m² in extent, of Remainder Erf 138, Riebeek Kasteel to the owner of adjoining Erf 137 at a selling price of R28 750.00 excluding VAT, subject to the standard conditions of sale and the following further conditions:
 - (i) That the process for obtaining the required land use/development rights (i.e. subdivision and consolidation) be undertaken by and at the cost of the purchaser;
 - (ii) The purchaser, in addition to the purchase price, shall be responsible for all costs ancillary and incidental to this transaction, including advertisement and transfer costs;
 - (iii) That the proposed transaction be advertised in the media for public comments and/or potential objections, and the Executive Mayor (in consultation with his committee) be authorized to deal with any objections that may be forthcoming;
- (c) That the following reasons be recorded for the out-of-hand alienation of the subject property, and for not undergoing a competitive process, with reference to paragraph 12.1.1 of the Municipal Asset Transfer Policy:
 - (i) The identified portion of Remainder Erf 138 is already functionally integrated with Erf 137, Riebeek Kasteel, due to the existing building and boundary fence encroachments, and therefore qualifies as 'non-viable asset' in that due to physical constraints it cannot be developed sensibly as a separate entity within the development parameters of the existing zoning, and therefore only becomes functional if alienated to the adjoining owner as proposed;
 - (ii) The acquisition will regularize the integration of the subject property with Erf 137 by formalising the property boundary, thereby ensuring consistency between cadastral records and the actual use of the land;
 - (iii) The existing encroachment situation and any potential land use or legal disputes that may arise in future, will be eliminated, and will ensure certainty for both the Municipality and the property owner.

8.4/...

8.4 KONSTRUKSIE VAN PAAIE IN CHATSWORTH: VOORGESTELDE ONTEIENING VAN GEDEELTES PRIVAATGROND VIR HOEKAFSTOMPINGS (12/2/1-2/4)

Die Raad het in 2022 die verskillende opsies oorweeg vir die oordrag van gedeeltes privaatgrond vir hoekafstompings ten einde die konstruksie van paaie in Chatsworth te voltooi.

Daar is op 'n onteieningsproses besluit wat gedurende 2022/2023 suksesvol deurloop is. Die voorstel is om dieselfde proses vir die 2025/2026 finansiële jaar en daarna te volg.

Die voltooide padontwerpe raak 38 eiendomme, waarvan vyf aan die munisipaliteit behoort. Die vereiste hoekafstompings beslaan gemiddeld ongeveer 12,5 m² en sal nou opgemeet word om finale diagramme voor te berei vir aanhegting by die Onteieningskennisgewings.

BESLUIT

(op voorstel van rdl R Jooste, gesekondeer deur rdl T van Essen)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die onteiening van daardie gedeeltes privaatgrond wat as hoekafstompings benodig word vir die verdere konstruksie van paaie in Chatsworth, ten einde die onteienings tydens die 2025/26 finansiële jaar te voltooi vir die konstruksieprogram wat voorlê, met inagneming van die kompleksiteit, verhoogde kostes en ander implikasies verbonde aan die normale oordragproses soos toegelig;
- (b) Dat die betaling van kompensasie soos vervat in Aanhangsel A tot die verslag goedgekeur word;
- (c) Dat die geaffekteerde partye vooraf skriftelik in kennis gestel word van die stappe wat geneem en die proses wat gevolg sal word;
- (d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om alle dokumente wat met hierdie transaksies verband hou, te onderteken.

8.5 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JANUARIE TOT MAART 2025 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).

Die Artikel 52 MFMA-kwartaalverslag bevat ook nie-finansiële inligting in die vorm van die prestasie gemeet teen die teikens in die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan.

Voormelde verslag is oorweeg deur die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) op 28 Oktober 2025 vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 28 Oktober 2025 by die MPAC ter tafel gelê was en dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 September 2025.

8.4 CONSTRUCTION OF ROADS IN CHATSWORTH: PROPOSED EXPROPRIATION OF PORTIONS OF PRIVATE LAND FOR SPLAYS (12/2/1-2/4)

In 2022 the Council considered the various options for transferring portions of private land for splays in order to complete the construction of roads in Chatsworth.

An expropriation process was decided upon, which was successfully completed during 2022/2023. The proposal is to follow the same process for the 2025/2026 financial year and beyond.

The completed road designs affect 38 properties, five of which belong to the municipality. The required splays cover an average of approximately 12,5 m² and will now be measured to prepare final diagrams for attachment to the Expropriation Notices.

RESOLUTION

(proposed by cllr R Jooste, seconded by ald T van Essen)

- (a) That approval be granted for the expropriation, for public purposes (roads), of those portions of private land required as splays for the continued construction of roads in Chatsworth, to ensure that the expropriations can be completed during the 2025/26 financial year for the construction programme ahead, taking into account the complexity, increased costs, and other implications of the normal transfer process as outlined;
- (b) That the payment of compensation, as contained in Annexure A to the report, be approved;
- (c) That the affected parties be informed in writing of the steps to be taken and the process to be followed;
- (d) That the Director: Corporate Services be authorised to sign all documents related to these transactions.

8.5 QUARTERLY REPORT (SECTION 52 OF MFMA): JULY TO SEPTEMBER 2025 (7/1/2/2-2)

The presentation of the quarterly report to Council is prescribed by Section 52(d) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003).

The Section 52 MFMA Quarterly Report also contains non-financial information in the form of the performance measured against the targets in the Top-Level Service Delivery and Budget Implementation Plan.

The aforementioned report was considered by the Municipal Public Accountability Committee (MPAC) on 28 October 2025 for recommendation to Council.

RESOLUTION

(proposed by cllr E C O'Kennedy, seconded by cllr D C Pypers)

That cognisance be taken that the quarterly report was tabled at the MPAC on 28 October 2025 and that the MPAC, by way of reporting to the Council, recommends that the Council takes note of the quarterly report as required by Section 52 of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003 in respect of the implementation of the budget as well as the performance against the Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan of the municipality for the period 1 July to 30 September 2025.

**SIGNED:
SPEAKER**



NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOUD IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 3 DESEMBER 2025 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF ⁺)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Nel, M (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF ⁺)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	Williams, A M (DA)
Penxa, B J (ANC)	White, G E (PA)

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Rdl A M Williams open die vergadering met gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker simpatiseer met rdl Pypers wat 'n familielid aan die dood afgestaan het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin en I S le Minnie, die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: AANKONDIGING VAN DIE 13DE SKOON OUDIT

Die Uitvoerende Burgemeester kondig met trots aan dat Swartland Munisipaliteit 'n 13de skoon oudit ontvang het. Die Uitvoerende Burgemeester dra sy dank oor aan ons Hemelse Vader, die Munisipale Bestuurder en alle amptenare, maar spesiaal aan die Direkteur: Finansiële Dienste en finansiële amptenare wat gedurende die eksterne oudit baie hard gewerk het.

Die Uitvoerende Burgemeester/...



MINUTES OF A SPECIAL MEETING OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD IN THE COUNCIL CHAMBER, MALMESBURY ON WEDNESDAY, 3 DECEMBER 2025 AT 11:00

PRESENT:

Speaker, ald M A Rangasamy
Executive Mayor, ald J H Cleophas
Executive Deputy Mayor, ald J M de Beer

COUNCILLORS:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Nel, M (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	Williams, A M (DA)
Penxa, B J (ANC)	White, G E (PA)

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Director: Protection Services, mr H Witbooi
Director: Development Services, ms J S Krieger
Manager: Secretariat and Records, ms N Brand

1. OPENING

The Speaker welcomed the Executive Mayor, councillors, aldermen, officials and members of the public.

Cllr A M Williams opened the meeting with prayer at the invitation of the Speaker.

The Speaker sympathised with cllr Pypers who has suffered the death of a family member.

2. LEAVE OF ABSENCE

Leave of absence is granted to cllrs C Fortuin and I S le Minnie, the Director: Corporate Services, ms M S Terblanche and the Director: Financial Services, mr M Bolton.

3. DEPUTATIONS / STATEMENTS AND COMMUNICATIONS / PRESENTATIONS

3.1 THE EXECUTIVE MAYOR: ANNOUNCEMENT OF THE 13TH CLEAN AUDIT

The Executive Mayor is proud to announce that Swartland Municipality has received a 13th clean audit. The Executive Mayor conveyed his gratitude to our Heavenly Father, the Municipal Manager and all officials, but especially to the Director: Financial Services and financial officials who worked very hard during the external audit.

The Executive Mayor/...

Die Uitvoerende Burgemeester bedank verder alle raadslede vir die oorsigrol wat vervul word en hulle harde werk in 'n uitdagende jaar.

VIR KENNISNAME

3.2 WATERSKAARSTE WEENS VLAKE VAN GROOTMAAT RESERVOIRS EN DIE MOONTLIKE INSTELLING VAN TYDELIKE WATERBEPERKINGS

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee agtergrond tot die wisselwerking tussen die grootmaatwater-reservoirs en die reservoirs wat water aan die residensiële areas voorsien.

'n Pypbars op die grootmaatwater-pyplyn het veroorsaak dat die grootmaatwater-reservoirs se vlakke drasties gedaal het – tot op 17% by die Glen Lily- en Kasteelberg-reservoirs.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat 'n groot poging op sosiale media en ander platforms aangewend is om inwoners daarop bedag te maak dat water spaarsamig gebruik moet word, maar was dit nie voldoende om die watervlakke van die grootmaatwater-reservoirs na wense te laat herstel nie.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die uitdeeltstuk wat aan raadslede gesirkuleer is, en bevestig dat tydelike waterbeperrkings ingestel sal moet word indien die vlakke van die grootmaatwater-reservoirs nie na wense herstel nie. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat hierdie maatreëls nie watertariewe sal beïnvloed nie.

Die Munisipale Bestuurder hou die voorgestelde tydelike waterbeperrkings aan die Raad voor.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl G Vermeulen)

- (a) Dat, indien die vlakke van reservoirs aanhou daal, die Raad goedkeuring verleen dat die volgende tydelike waterbeperrkings ingestel word:
 - (i) 'n Algehele verbod op die gebruik van tuinslange vir die was van motors, karavane, bote of enige voertuig;
 - (ii) Voertuie mag slegs gewas word met emmers of hoëdruk-/laevolume spuitmeganismes;
 - (iii) 'n Verbod op die natmaak/besproeiing van tuine tussen 06:00 en 18:00 daaglik waar munisipale drinkwater gebruik word;
 - (iv) Geen afspuit of was van geplaveide of harde oppervlaktes met munisipale drinkwater nie;
 - (v) Munisipale drinkwater mag nie gebruik word om oppervlaktes vir konstruksie- of stofbeheer te bevogtig nie;
- (b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om, in oorleg met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Uitvoerende Burgemeester, uitvoering te gee om voormelde waterbeperrkings af te dwing, sou die vlakke van die reservoirs steeds daal.

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 AFRIFORUM NPC v NERSA: SLEUTEL SPERTYE EN MUNISIPALE VERPLIGTINGE (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en beklemtoon die sperdatums waaraan NERSA ingevolge die voorlopige (*rule nisi*) hofbevel uitvoering moet gee ten opsigte van die goedkeuring van elektrisiteitstariewe.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee agtergrond tot die voorbereiding van die elektrisiteits-tariefaanzoek vir die 2026/2027 finansiële jaar en bevestig dat NERSA onrealistiese verwagtinge het en weereens nie voldoen het aan die vereistes van die MFMA nie. Munisipaliteite word onder druk geplaas in die voorbereiding van voorleggings, andersins bestaan die risiko dat die tariewe nie goedgekeur word nie en dus nie geïmplementeer kan word nie.

The Executive Mayor further thanked all councillors for the oversight role being fulfilled and their hard work during a challenging year.

FOR INFORMATION

3.2 WATER SCARCITY DUE TO LEVELS OF BULK RESERVOIRS AND THE POSSIBLE IMPLEMENTATION OF TEMPORARY WATER RESTRICTIONS

The Director: Civil Engineering Services gave background to the interaction between the bulk water reservoirs and the reservoirs that supply water to the residential areas.

The bursting of a pipe on the bulk water pipeline caused the levels of the bulk water reservoirs to drop drastically – up to 17% at the Glen Lily and Kasteelberg reservoirs.

The Director: Civil Engineering Services mentioned that a major effort was made on social media and other platforms to make residents aware that water must be used sparingly, but it was not sufficient to restore the water levels of the bulk water reservoirs as desired.

The Municipal Manager referred to the handout that was circulated to councillors, and confirmed that temporary water restrictions will have to be imposed if the levels of the bulk water reservoirs do not recover as desired. The Municipal Manager confirmed that these measures will not affect water tariffs.

The Municipal Manager presented the proposed temporary water restrictions to Council.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by cllr G Vermeulen)

- (a) That should the levels of reservoirs continue to fall, the Council grants approval for the following temporary water restrictions to be imposed:
 - (i) A total ban on the use of garden hoses for washing cars, caravans, boats or any vehicle;
 - (ii) Vehicles may only be washed by using buckets or high-pressure/low-volume spraying mechanisms;
 - (iii) A ban on watering/irrigating gardens daily between 06:00 and 18:00 where municipal drinking water is used;
 - (iv) No spraying or washing of paved or hard surfaces with municipal drinking water;
 - (v) Municipal drinking water may not be used to moisten surfaces for construction or dust control.
- (b) That the Municipal Manager is vested with power of attorney, in consultation with the Director: Civil Engineering Services and the Executive Mayor, to carry out the enforcement of the aforesaid water restrictions, should the levels of the reservoirs continue to fall.

4. MATTERS FOR CONSIDERATION

